

Jan A. du Rand, Nuwe-Testamentikus: 'n Lewenslange akademiese liefdesverhouding met die Johannese Nuwe-Testamentiese geskrifte

Author:

Fika Janse van Rensburg¹

Affiliation:

¹Unit for Reformational Theology, North-West University, Potchefstroom Campus, South Africa

Correspondence to:

Fika Janse van Rensburg

Email:

mailto:fika.jansevanrensburg@nwu.ac.za

Postal address:

PO Box 20029, Noordbrug 2522, South Africa

Dates:

Received: 27 Apr. 2015

Accepted: 22 June 2015

Published: 11 Aug. 2015

How to cite this article:

Janse van Rensburg, F., 2015, 'Jan A. du Rand, Nuwe-Testamentikus: 'n Lewenslange akademiese liefdesverhouding met die Johannese Nuwe-Testamentiese geskrifte', *In die Skriflig* 49(2), Art. #1981, 14 pages. <http://dx.doi.org/10.4102/ids.v49i2.1981>

Copyright:

© 2015. The Authors.
Licensee: AOSIS
OpenJournals. This work is licensed under the Creative Commons Attribution License.

In hierdie artikel word 'n oorsig van die akademiese bydrae van prof. Jan A. du Rand, emeritus professor in Nuwe Testament aan die Universiteit van Johannesburg en Buitengewone Professor van die Noordwes-Universiteit in Potchefstroom gebied. Ná 'n bondige biografiese oorsig, word Du Rand se akademiese bydrae onder die volgende opskrifte bespreek: Doktorale leiding, Publikasietendense, Griekse taalfase, Johannesevangelie- en -entolêfase, Openbaringsfase, Paulusfase en ander publikasies, Hermeneutiese bydrae, Besondere boekpublikasies, Akademiese gemeenskapsbetrokkenheid, Bydrae tot vakverenigings, Bybelvertaling, Informele en kerklike bydraes en Toekennings.

Jan A. du Rand, New Testament scholar: A lifelong love relationship with the Johannine New Testament writings.

In this article an overview is presented of the academic contribution of Prof. Jan A. du Rand, emeritus Professor in New Testament Studies at the University of Johannesburg and Extraordinary Professor at the North-West University in Potchefstroom. After a brief biographic overview, his academic contribution is discussed under the following headings: Doctoral supervision, Publication trends, Greek language phase, John's Gospel and entolêphase, Revelation phase, Pauline phase and other publications, Hermeneutical contributions, Special book publications, Academic community involvement, Contributions to academic societies, Bible translation, Informal and ecclesiastic contributions, and Awards.

Inleidend

Hierdie uitgawe van *In die Skriflig/In Luce Verbi* word aan Jan A. du Rand opgedra met die herdenking van sy sewentigste verjaarsdag. Hy is as Nuwe-Testamentikus, skrywer, Bybelvertaler en teoloog bekend. Ek ken Du Rand vir ongeveer 44 jaar, aanvanklik deur die Nuwe-Testamentiese Werkgemeenskap van SA (NTWSA) en daarna ook deur sy publikasies, kollegaskap en gesamentlike projekte. Hy is as 'n kenner van die Johannese geskrifte bekend. Sy akademiese integriteit, ondersoekende gees en uitgesproke bybelse vertrekpunte tipeer hom. Hy is ook 'n baie humoristiese persoon.

Ek het Jan du Rand as Teologie-akademiër leer ken wat vanuit die Bybelteks handel om die groter tersaaklike teologiese kontoere te beklemtoon. Sy akademiese bydraes vind neerslag in 27 boeke (alleenouteur), 236 artikels, begeleier van 78 toegekende magistergrade en 36 doktorsgrade. Du Rand is die tipiese ewige student, steeds soekend na meer diepgang en kennis.

Benewens sy publikasies en sy *curriculum vitae*, het persoonlike gesprekke met hom en etlike ander kollegas hierdie artikel geïnformeer.

Biografiese besonderhede

Jan Abraham du Rand is op 03 Augustus 1945 in Pretoria gebore. Hy is die ouer broer van Dorothea. Hulle twee is die kinders van wyle ds. Jannie en Marie (Brink) du Rand. Sy vader was aanvanklik in die siviele ingenieursbedryf en het eers op veertigjarige ouderdom predikant in die Nederduitse Gereformeerde Kerk geword. Tussen Du Rand en sy ouers, in sy eie woorde, was 'n hegte verbondsverhouding en toegewyde liefde.

Laerskool Generaal Jacques Pienaar

Du Rand het sy voorskoolse jare in Upington deurgebring. Dit was besondere jare op 'n kleinboewe waar sy liefde vir diere en die grond gevestig is. Sy vader is na Pretoria verplaas

Read online:



Scan this QR code with your smart phone or mobile device to read online.

waar hy deelyds sy teologiese studie gedoen het. Van 1952 tot 1958 was Du Rand 'n leerling aan die Laerskool Generaal Jacques Pienaar in Pretoria, waar hy ook hoofseun was. Hy is veral deur mnr. Combrink geïnspireer (die vader van prof. Bernard Combrink, tans afgetrede Nuwe-Testamentikus van die Universiteit van Stellenbosch).

Hoërskool Wonderboom

Du Rand was bevoorreg om sy hoërskooljare aan die Hoërskool Wonderboom deur te bring. Hy het met vyf onderskeidings gematrikuleer en in sy matriekjaar (1963) was hy ook hoofseun. Hy was in talle sportsoorte, volkspele en die CSV baie aktief. Hy praat nog steeds met lof van die stempel wat onderwysers soos mnre. Schalk van der Merwe (Wiskunde) en Koos Roux (Natuurwetenskap) op hom afgedruk het. In sy laaste twee skooljare het hy nooit minder as 90% vir Wiskunde gekry nie! Hy het klaar besluit om die Shell-beurs te aanvaar om chemiese ingenieurswese te gaan studeer. 'n Ernstige motorongeluk aan die einde van standard 8 het hom egter finaal laat besluit om hom vir die bediening as predikant voor te berei.

Universiteit van Pretoria

Hy het die BA-graad met lof behaal, asook die Honneurs BA in Grieks en die BD in Teologie, albei met lof. Intussen het hy sendingwerk onder Zoeloes en Xhosas in die Spoorwegkollege in Esselenpark gedoen. Gedurende sy studentejare was hy ondervoorsitter van die Afrikaanse Studentebond (ASB) en in 1970–1971 lid van die hoofbestuur van die ASB, waar hy saam met Callie Coetzee onder presidentskap van Ben de Klerk gedien het, albei ook later, soos hy, professors in die Teologie.

In sy finale teologiese jaar was Du Rand voorsitter van die teologiese vereniging *Deo Gloria*. Hy het ook as toerleier van 'n ASB-toer opgetree waartydens hy die plaasmeisie Anneli van der Walt van die Springbokvlakte beter leer ken het. Sy was aan die hoof van die kosvoorsiening omdat sy BSc Huishoudkunde studeer het. Du Rand was só beïndruk met die kos – uit die mond van die humor-lief Jan – dat hulle in 1970 verloof geraak en in 1971 getrou het. Die egpaar het hulle in Pretoria gevestig en Du Rand het tegelyk vir die MA (Grieks) onder leiding van prof. Jannie Louw en die DD in Nuwe Testament onder leiding van prof. E.P. Groenewald ingeskryf (prof. Groenewald het egter afgetree voordat Du Rand sy studie voltooi het). Intussen het hy as prediker in die NG-gemeente Kinross waargeneem.

Predikant in die NG-gemeente Krokodilrivier

Die skakeling met lidmate op voetsoolvlak het meegewerk dat Du Rand vurig na die bediening uitgesien het. Hy en Anneli het in 1973 'n beroep na die NG-gemeente Krokodilrivier (Brits) aangeneem waar hy tot 1976 gearbei het. Die jare se vorming en ondervinding in Krokodilrivier was baie spesiaal, in Du Rand se eie woorde. Sy liefde vir die bosveld het daar gegroei en twee dogters, Ingri en Mari, is

daar gebore as die eerste dogtertjies in die pastorie nadat dr. Gert Swart en Jannie Malan net seuns gehad het.

Fakulteit Teologie aan die Universiteit van Pretoria

Hy is in 1976 na die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van Pretoria as seniorlektor in die Departement Nuwe Testament, met opdrag Bybelkunde, beroep. Die jare aan die Fakulteit Teologie was vir hom as jong akademikus verrykend en vormend. As junior het hy soveel geleer. Dat hy voltyds in die akademie sou beland, was eintlik vroeg al duidelik. Hy was deelydse dosent in Grieks aan UP (1968–1970), en lektor in Ou en Nuwe Testament aan UNISA (1971). Sy Bybeltaalkundigheid is met 'n Magister in Grieks aan die UOVS afgerond.

Ná die aftrede van prof. Groenewald het Du Rand hom in sy doktorsale studie onder leiding van prof. Andrie du Toit aanvanklik op die Pauliniese geskifte toegespits. Hy het egter sy fokus verander en sy doktorsgraad in die Johannesevangelie behaal met 'n proefskrif: *Entolē in die Johannesevangelie en -briewe* (1977).

Doktorsale studie

Dit was die begin van die stroomversnelling van 'n lewenslange liefdesverhouding met die Johannesevangelie, die Johannese briewe en Openbaring. Du Rand vergelyk sy inleef in die Johannese geskifte soos wanneer 'n mens 'n grot binnegaan. In die bek van die grot is nog genoeg lig, en wat jy sien, is só boeiend dat jy as 't ware nie anders kan as om dieper en dieper te wil ontgin nie. Dit is nou al 43 jaar lank wat Du Rand toegewyd besig is om die Johannese geskifte te ondersoek – en hy getuig dat hy nog elke dag verskuilde skatte ontdek. Sy studie onder prof. Schnackenburg in Wurzburg was vir hom iets besonder. Jan het die waarheid van een van Schnackenburg se stellings ervaar, naamlik *jy moet leer om 'n Johannese antenne te ontwikkel!*

Die Johannese studie het by Du Rand nie net akademiese en populêr-akademiese publikasies opgelewer nie, maar – só getuig hy self – dit het tot 'n verdiepte en besondere spiritualiteit gelei. Die Johannese maatstaf is om 'soos Jesus' lief te hê, volgens Johannes 13:34: 'Ek gee julle 'n nuwe gebod: julle moet mekaar liefhê. Soos Ek julle liefhet, moet julle mekaar ook liefhê.'

Universiteit van die Oranje-Vrystaat

'n Nuwe fase het vir die Du Rands en hulle drie dogters, Ingri, Mari en Janet, aangebreek toe Jan in 1980 as hoof van die Departement Nuwe Testament aan die nuutgestigte Fakulteit Teologie aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat benoem is. Saam met die kollegas, proff. Mias de Klerk, Evert Kleynhans, Koos Smit, Mauritz Kloppers en Pieter Potgieter het die uitbeitel van 'n nuwe missie, visie, reglemente, leerplanne, roosters, voor- en nagraadse

programme nuwe uitdagings gelewer. Gemotiveerde studente het hulle by die Fakulteit aangemeld om hulle toegewyd met die Teologie besig te hou. Kovsky het ruim geleentheid vir Du Rand geskep om nasionaal en internasionaal met sy Johannese navorsing voort te gaan, onder andere deur beurse vir oorsese studiebesoeke. Die vestiging en uitbou van 'n nuwe teologiese biblioteek is aan Du Rand toevertrou. Toe die Fakulteit uitgebrei het, het ds. Hermie van Zyl by hom in die Departement Nuwe Testament aangesluit, en dit was vir Jan 'n vreugde. Die kerklike betrokkenheid van die Fakulteit het aan die akademie 'n eie waarde en gerigtheid gegee.

Randse Afrikaanse Universiteit / Universiteit van Johannesburg

In 1989 is Du Rand as professor in Nuwe Testament in die Department Bybelkunde aan die Randse Afrikaanse Universiteit aangestel. Die uitdaging wat hom gelok het, was die vooruitsig dat die RAU groter by interkerklike teologiese opleiding, onder andere dié van die AGS, betrokke sou raak. Du Rand het ruim akademiese geleenthede ontvang om navorsing te doen. Nogtans het hy die gemis aan 'n Fakulteit Teologie en kerklike akademiese binding gevoel. Toe die RAU oorgegaan het om die Universiteit van Johannesburg te word, het nuwe geleenthede gewink, aangesien die Universiteit se nuwe leierskap berekend op navorsing gefokus het.

Buitengewone professor aan die Noordwes-Universiteit

Aan die einde van 2009 het Du Rand amptelik by UJ afgetree om, onder andere, meer tyd aan sy vrou Anneli (wat borskanker ontwikkel het) te gee en ook om sonder onderbreking te kon skryf. Hy het uitnodigings as 'n buitengewone professor in Nuwe Testament van die Noordwes-Universiteit, die Universiteit van Pretoria, asook van die Northpark Theological Seminary in Chicago ontvang. Hy het by UJ as professor emeritus-navorsers aangebly, en het daarmee saam geesdriftig die benoeming aan die NWU aanvaar. Hier het hy met nuwe geesdrif navorsing gedoen en dit as 'n tuiskoms saam met aangename kollegas en kerklike betrokkenheid ervaar.

Veelsydige mens

Onder sy vele ander belangstellings tel eerstens sy gesin, daarna musiek, skilder met olieverf, houtbrandwerk, paneelklop, teel van skoubudjies, tennis en golf.

Akademiese bydraes

Op nasionale en internasionale vlak lewer Du Rand hoogstaande navorsing, veral wat die Johannese geskrifte betref. Hy leef hom navorsingsmatig as studieleier van magisterstudie, promotor van doktorsale studente, ander universiteitsoptredes en kerklike betrokkenheid uit. Die hoofmomente van sy akademiese bydraes word vervolgens kortliks aangestip.

Doktorsale studieleiding

In Du Rand se poging om die grense van die Nuwe-Testamentiese Wetenskappe te verskuif, het sy navorsing en publikasies saam met studente en deur middel van studieleiding besondere voorkeur geniet. Die eerste DLitt et Phil-graad onder Du Rand se leiding was in 1990, naamlik die geliefde akademikus van Unisa, Jack Wiid wat nuwe bane vir die eksegetiese geopen het met sy proefskrif oor *diathēke* [verbond] in die Oxyrhynchus Papiri. Hierdie navorsing het lig op die voorkoms van hierdie begrip in Hebreërs gewerp. Dit word vandag nog as naslaanwerk gebruik.

Johannesevangelie en -briewe

Die Johannesevangelie en -briewe is gefynkam en het die volgende proefskrifte opgelewer: In 1991 het C.J. van Heerden oor die oorwinningperspektief in die afskeidsgesprekke volgens Johannes gepromoveer. Dit sluit by die promotor se doktorsale proefskrif in 1977 oor *entolē* in Johannes 13:34 (1982d) aan. Een van sy skerpsinnigste studente was D.F. Tolmie met 'n kundige narratologiese ontleding van Johannes 13 tot 17 (1992). Volgens Du Rand, het hy geweet Tolmie sal dit akademies nog ver bring. Saam met T.C. Voortman is die funksie van die skeppingsmotief in die Johannesevangelie nagevors en beskryf (1996). M.G.N. Hawkins het die plek en funksie van die liefde en die Heilige Gees in die gang van die Johannese narratief nuut beskryf (1998). D.P. Shongwe het die betekenis en rol van die Parakleet in Johannes 14 tot 16 ondersoek (1998). Hy was die eerste persoon uit die gelede van die voorheen benadeelde gemeenskappe wat aan die RAU in die Nuwe Testament gepromoveer het. Die eksegetiese en teologiese betekenis van die *ewige lewe*, veral in die Johannesbriewe, is deur A.J. van Wyk nagevors (1999).

Openbaringnavorsing

Vanaf 1987 het Du Rand hom hoofsaaklik op Openbaringnavorsing toegespits en dit blyk ook uit die titels van sy doktorsgraadstudente se proefskrifte. Elke voltooide proefskrif moet volgens Du Rand as 'n deelname aan die grensverskuiwing van die Nuwe-Testamentiese Wetenskap gesien word. Du Rand was opgewonde toe A.G.S. Venter (1995) 'n tweede doktorsgraad in Openbaring verwerf het, nadat hy die eerste oor die Johannesevangelie gedoen het. Hy skryf oor volhardend kerkwees in 'n tyd soos die huidige, volgens die riglyne van Openbaring. Die neerslag van hierdie navorsing is met groot vrug in Venter se kerklike betrokkenheid en publikasies teruggeploeg.

Die vraag na 'n gebalanseerde en Bybelgetroue verstaan van die struktuur en inhoud van Openbaring het deur die eeue heen navorsers geboei, veral die rol en die funksie van die apokaliptiek. Volgens Du Rand moet op 'n kreatiewe en gekontroleerde wyse 'n geheelprentjie geteken word om daaruit die onderdele te ondersoek. Verskeie proefskrifte gee blyke van die effek van hierdie benadering. Pohlmann (1997) het die invloed van die afgeleide wêreldbeskouing van Openbaring op die boodskap van die narratief nagevors

en by verrassende resultate uitgekome. Uit Utah (VSA) het Rotz (1998) ingeskryf. Haar uitmuntende navorsing het menige Nuwe-Testamentikus laat regop sit. Sy het haar op die karakterisering van God volgens Openbaring toegespits. Volgens hierdie studie word God manlik in Openbaring voorgestel; Rotz toon egter ook vroulike trekke aan. In haar en haar man se sendingbetrokkenheid in Afrika het sy op die term *YEYE* vir God afgekom, genderloos en nie-seksisties. Nadat sy haar magisterstudie onder Du Rand voltooi het, behels Mnisi (2001) se proefskrif 'n deeglike ontleding van Openbaring 11 en sy fokus op die vraag na God se verantwoordelikheid in sy omgang met die kerk. Letsedi (2002) het by die navorsing oor Openbaring as dramatiese narratief aangesluit en die klem op die apokaliptiese etos laat val. Marran (1996) het 'n grondige ondersoek na God se koningskap in die Ou en Nuwe Testament gedoen en hy het die teologiese plek van God se alleenheerskappy in Openbaring uitgewys. Hierdie studie is toonaangewend vir die vertaling van die Griekse begrip *basileia* [koninkryk, koningskap, koningsheerskappy].

Uit Suid-Korea het die geesdriftige en hardwerkende Song (2002), wat ook reformatories dink en optree, 'n gedeeltelike preteristiese verstaan van Openbaring 12 tot 13 beklemtoon. Dit het eksegete weer diep laat dink. Intussen is Song as professor aan die Christelike Universiteit van Kosin in Busan, Suid-Korea aangestel. Uit die geledere van die Baptiste Kerk in Suid-Afrika het Manikam (2011), een van sewe Baptiste doktorsale studente onder leiding van Du Rand, sy doktorsgraad behaal. Hy het die relatief onbekende navorsing oor 1 Henog 1–36 aangepak. 1 Henog 1–36 toon merkwaardige ooreenkomste met Openbaring 14. Dit gaan oor die voorbereiding van die 144 000 vir die wederkoms van Christus.

Pauliniese geskrifte

Du Rand se vroeë aangetrokkenheid tot die Pauliniese geskrifte het stand gehou soos blyk uit verskeie van die proefskrifte van sy studente. Perreira (1999) doen navorsing oor die moontlike parallel tussen mistisisme en die tipiese Pauliniese 'in Christus'- en 'in die Gees'-uitdrukkings. Hy konkludeer dat daar vir 'n reformatoriese siening van die mistiek in die Pauliniese teologie ruimte is. Mbedzi (2000) volg met 'n Pauliniese etiese analise van die betekenis van liefde vir die wet en die wet se betekenis vir absolute lojale liefde. Navorsing oor veral die Pauliniese etos en etiek lê Du Rand na aan die hart. Christofides (2000) lewer verdienstelike navorsing oor vrede as 'n etiese begrip by Paulus. Die resultate van hierdie navorsing is steeds geldend. Christofides is tans professor in Australië.

Thomas (2005), 'n leier in die Kerk van die Nasarener, ondersoek die sosio-kulturele situasie in Korinte, en pas die sosiologiese metodiek daarop toe. Hierdie interpretasie gee 1 Korintiërs 5–11 nuwe trefkrag. As student in die Regte het Hope (2006) verskeie juridiese aspekte in Paulus se teologie diepgaande ondersoek en daardeur die verstaan van Paulus verhelder. 'n Sendingwerker in Rusland, Coetzee (2011), het

op 'n besondere wyse die wesenlike van die uitdrukking 'besnydenis van die hart' volgens Romeine 2:28–29 nagevors en beskryf, en dit op hedendaagse kerkwees toegepas. Maré (2012) het ná sy magisterstudie oor die Bergrede, die Pauliniese uitdrukking 'julle is die tempel' (1 Kor 3:16) geanaliseer en beskryf. De Beer (2012) verdiep die verstaan van die Pauliniese etos deur navorsing oor Romeine 8 en 12 te doen. Die uitkoms van hierdie studie is dat De Beer bybelse beginsels met hedendaagse 'doen-dit-self' geestelike aktiwiteite vergelyk het. Greeff (2014) fokus ook op hierdie Pauliniese studieveld, naamlik die valensie van die eskatologie in Paulus se etos en etiek.

Ander doktorsale onderwerpe

Du Rand se doktorsgraadstudente doen ook navorsing oor algemene teologiese en etiese onderwerpe. Van Moerkerken (1991) skryf oor die verstaanbaarheid van die Ou- en Nuwe-Testamentiese Godsbegrip en hoe dit vir laerskoolleerlinge verstaanbaar gemaak kan word. Bekker (2000) se navorsing handel oor die charismatiese leraar volgens Matteus 16, en De Jongh (2000) oor die nuwere hermeneutiek in die eksege van die Nuwe Testament. Adams (2001) doen 'n studie oor die opwekking van die dooies en die lewe na die dood, en Smith (2003) oor die religieuse simbole in die laaste Paasgebeure volgens Lukas 22–23. Reynecke (2007) lewer 'n omvattende studie oor die etiese beginsels rakende materiële voorspoed volgens Lukas 3:10–14, asook oor die gee van tiendes volgens die Ou Testament en die toepassing daarvan in die vroeë kerk.

Publikasies

Publikasietendense

Alhoewel dit moontlik is om algemene tendense in Du Rand se bydraes raak te sien, is dit nodig om dit versigtig en selektief te doen. Hy het 'n paar honderd artikels en hoofstukke in boeke gelewer en 27 alleenboeke oor die Bybelinhoud. Du Rand het reekse artikels gewoonlik met boeke afgerond. Verder het hy sy promotorbegeleiding optimaal met sy publikasies, voordragte en kerklike- en gemeenskapsbetrokkenheid geïntegreer.

Die aanvanklike fase se publikasies het hoofsaaklik oor die Johannesevangelie en -briewe handel. Sy eerste professorale intrede aan die Fakulteit Teologie aan die UOVS in 1981 (vgl 1981c; 1982h) het 'n evaluerende oorsig van navorsing op die Johannesevangelie gebied met definitiewe riglyne vir die eksege en die teologie. Die tweede professorale intrede aan die RAU in 1990 het op Openbaringnavorsing gefokus (1990m). Die interessante vraag, naamlik wat Du Rand gemotiveer het om na Openbaring oor te slaan, duik telkens op. Gedurende gaslesings aan die Universiteit van Louisville in Kentucky het Du Rand as gas van Allan Culpepper na 'n lang fietsrit en Amerikaanse 'bowl' roomys, besluit om sy verdere navorsing op Openbaring toe te spits, maar om dit so ver moontlik verstaanbaar aan te bied. Culpepper wat ook 'n Johannese entoesias is, het toe na Jakobus en die Sinoptiese Evangelies oorgeskakel.

'n Mens sou breedweg van Du Rand se navorsingsfases kon praat as die *Griekse taalfase*, die *Johannesevangelie en -briewefase*, 'n *Openbaringsfase* en 'n *Eskatologiefase*, asook 'n *Paulusfase* met afwisseling en vermenging van fases tussenin.

Griekse taalfase

Du Rand het terwyl hy nog in die wegspringblokke van sy publikasies was, weggespring deur homself deeglik ten opsigte van die Griekse en Hebreeuse teks van die Bybel te oriënteer. Dit het saamgehang met sy deeltydse lektorskap in die Departement Grieks aan UP toe hy Patristiek en Nuwe Testament gedoseer het (1968–1970). Hy het grondliggende kommentaar oor *hilastērion* [versoening] in Romeine en Hebreërs (1969) gelewer en daarna die Pauliniese voorwaardesinne ontleed (1970). Dit het tot die hantering van die *ei/ean*-voorwaardesinne in Paulus se geskifte gelei. Sy bydrae oor die Griekse *ean*-sinne het 'n betekenisvolle sleutel aan vertalers van Paulus se Grieks voorsien. Hy het hierdie bydrae nasionaal (1971; 1973) en internasionaal (1991f.) bekend gestel.

Johannes-Evangelie en -briewefase

Op die Griekse taalfase volg die Johannesevangelie en -briewefase. Sy boek, *Johannes 13: By die maaltyd* (1979a), hanteer veral die raakvlakke tussen Jesus se afskeidsgesprekke en 1 Johannes. Hierdie verwantskap sou ook na vore tree in verskeie daaropvolgende publikasies (1979d; 1980a; 1980b; 1980c; 1980d; 1982a; 1982b; 1982c).

Du Rand se passie vir lidmaattoerusting en groei in die waarhede van die Woord, het veral na vore getree in sy bydraes oor Johannese etiese sake (1980e), en in die versamelbundel, *Bediening en bedienaar in die kerk van Christus* (1981a). In dieselfde jaar verskyn nog 'n boek, *Die Johannese oorwinningsperspektief in Christus* (1981b, vgl. 1983f.).

Du Rand se doktorsale proefskrif (1977) is enkele jare later deur die NTWSA in boekformaat gepubliseer (1982d). Hy het die onderwerp, *Entolē in die Johannesevangelie en -briewe*, nagevors, met Johannes 13:34 as uitgangspunt. Dit bevat naamlik Jesus se opdrag om mekaar lief te hê 'soos Ek julle liefgehad het'. Hierdie *soos*-liefde het vir Du Rand die drakrag van Christenskap geword, al leer ervaring dat dit nie altyd menslik moontlik is om die *soos* volledig uit te leef nie.

Sy eerste professorale intreerede (1981c) is in 1982 as *Die Christologie van die Evangelie volgens Johannes* (1982h) gepubliseer, en bied 'n navorsingsoorsig. Daarop volg 'n Afrikaanse publikasie in boekvorm oor die Johannesbriewe, *Beleef jou sekerheid* (1983d), asook fasette van hierdie navorsing wat as artikels in Engels gepubliseer is (1982a; 1982b; 1982c). Hierdie struktuuranalises het mettertyd saam met grondliggende publikasies deur W.S. Vorster, Fika J. van Rensburg en J.P. Louw die waarde van teksgetroue navorsing vanuit 'n nuwe literêre hoek beklemtoon. Die bedoeling was om die Griekse teks self aan die woord te stel. Dit het 'n bruikbare eksegetiese metode geword en is wyd nagevolg.

Uit die hooggoond van eksegetiese metodes het die *narratiewe* analise van verteltekste gekom. Een van die talle referate wat Du Rand by die *Studiorum Novi Testamenti Societas* (SNTS)¹ gelewer het, het juis oor die karakterisering van Jesus volgens Johannes gegaan. Dit is as artikel gepubliseer (1985b). Hierop het 'n bydrae (1986b) oor die verskynsel gevolg, naamlik dat die Johannesnarratief (of: verhaal) deur 'n besondere *plot* gedra word om Jesus vanuit 'n bepaalde gesigspunt as Seun van God te beskryf. Die Godheid en mensheid van Jesus staan vir Johannes sentraal. In 'n volgende artikel het Du Rand beredeneer dat Johannes die Joodsgesindes moes oortuig dat Jesus waarlik God is, terwyl hy die gelowiges uit Griekse nie-Joodse geleedere weer daarvan moes oortuig dat Jesus waarlik mens geword het (1987e).

Dit het tyd geword vir 'n teologiese slotsom oor die Johannesbriewe. Hieroor volg twee publikasies, naamlik *Die Johannesbriewe: Inleiding* (1987h) en *Teologie van die Johannesbriewe* (1987f). Du Rand (1987g) handhaaf dat die Christologie van die Johannese geskifte die sleutel is om die teologie en etos van Johannes te verstaan. Hy (1989a:34) tipeer dit as 'n 'Johannese spiritualiteit', volgens 'n Johannese antenne! Dit lei tot 'n beskrywing van die Christen-navolger se identiteit as 'in die druiwestok' en 'in liefde', op grond van Johannes 15 (vgl. 1989a).

Du Rand se uitleg van Johannes in die *Verklarende Bybel* (1989d), asook sy beklemtoning van Jesus se voorbeeld van diens 'tot die uiterste toe' (Joh 13:1; 1989e), trek die akademiese Johannese navorsing deur om op die markplein tuis te kom waar die gewone mense saamkom (1990e; 1990f.).

Een van die hoogtepunte in Du Rand se publikasiebydraes is ongetwyfeld die verskyning van *Johannese perspektiewe, deel 1* – eers in Afrikaans (1990a) en toe in Engels (1991a). Dit bevat in boekvorm (322 bladsye) die resultate van sy Johannese navorsing en is by verskeie Universiteite as voorgeskrewe boek gebruik. Du Rand skryf ook die hoofstuk oor die Johannes-inleiding in A.B. du Toit se *Handleiding by die Nuwe Testament* (1990h; 1994e), asook die 'Inleiding op Openbaring' in dieselfde bundel (1990i; 1994j).

Een van Du Rand se knapste studente, D.F. Tolmie, se proefskrif oor die afskeidsredes van Jesus volgens Johannes 13–17 het hom as promotor ook besiel om die narratiewe uitlegmetode in publikasies te beproef (vgl. 1991e; 1992b).

Die afskeidsgesprekke was die navorsingsraamwerk van die artikel oor 'n aforisme in Johannes 16:20 en is deel van die feesbundel wat aan J.P. Louw (1992e) opgedra is. Du Rand se boek, *Liefdesnote in die wingerdvlote, Johannes 13–17* (1993f.), lê hom baie na aan die hart. Dit is duidelik dat hierdie publikasie nie net sy verstand raak nie, maar ook sy hart en spiritualiteit.

1. Die SNTS is 'n internasionale Nuwe-Testamentiese Werkgemeenskap met eksklusiewe lidmaatskap op grond van nominering en keuring. Du Rand is deur Rudolph Schnackenburg (Wurzburg) en Andrie du Toit (Pretoria) voorgestel. Du Rand het sy referate voor die Subgroep: Johannese Studies gelewer.

Saam met Fika J. van Rensburg (red.) en I.J. du Plessis skryf hierdie drietal die Nuwe-Testamentiese deel van *Die Bybel in praktyk* (1993h). Volgens die inhoud en volgehoue verkope tot op hede voeg hierdie naslaanwerk vir lesers werklik geestelike waarde toe. Op die terrein van die Johannesevangelie verskyn ook *Ter wille van die liefde* (1995f.) in boekvorm.

Du Rand het in al sy publikasies deeglik met sy groot liefde vir taal, musiek en wiskunde rekening gehou. Dit blyk uit die kreatiewe artikel oor die rol van variasie as 'n krag in die Johannesnarratief (1996a). Hy het hieroor 'n voordrag by die SBL in 1997 in Atlanta gelewer en dit in die volgende jaar (1998b) gepubliseer. Hiermee het hy 'n 'literêre handvat' geskep vir toegang tot die verstaan van die *spiraalbeginsel* in die Johannese geskrifte.

Die verskyning van *Die Bybellennium eenvolume kommentaar* in 1999 was 'n hoogtepunt op die Afrikaanse geestelike kalender. Du Rand is in hierdie publikasie verantwoordelik vir die kommentaar op 1–3 Johannes, 2 Korintiërs (en later by die hersiening in 2009 ook vir 1 Korintiërs) en Openbaring (1999g en 2009h).

Artikels oor die skeppingsmotief in Johannes (2000a) het gevolg, asook oor die betekenis van Jesus se 'blaas op die dissipels' in Johannes 20:22 toe Hy hulle aan die Heilige Gees toevertrou en uitgestuur het (2000c). Elke Johannese navorser kom seker een of ander tyd by die Samaritaanse vrou in Johannes 4 uit (2000e, vgl. 2000j; 1988e). Dit geld ook van die Johannese *logos*-lied in Johannes 1, 'n studie wat Du Rand aangepak het as 'n vergelyking met die tipiese van Afrika-godsdienste (2002b).

'n Verdere twee boeke wat Du Rand se Johannese bydrae vollediger maak, was *Jesus van Nasaret* (2001g) en *Gaan leef die liefde* (2002i). 'n Akademiese bydrae wat ook 'n hupstoot aan die Johannese navorsing gegee en internasionale reaksie uitgelok het, was die studie oor die vraag of Jesus deur Afrika as God gesien word (2002i).

Alhoewel Du Rand se eerste liefde vir die Johannesevangelie en -briewe nooit sal taan nie, het hy hierdie fase (relatief) met 'n dagboek, *Wie My volg*, afgesluit. Hierin bring hy al vyf die Johannese geskrifte aan die bod in 366 dagstukke (2009c). Du Rand het hierdie publikasie op die dieper delwers gemik.

Publikasies oor Openbaring

Vir bykans 26 jaar van sy loopbaan het Du Rand sy energie en entoesiasme aan die boek Openbaring en die eskatologie gewy. In *Want die einde is naby* (1986a), stel Du Rand dat die uitleg van Openbaring is soos om in koraalriwwe te snorkel. Só vol verrassings en Bybelse skoonheid is hierdie boek oor God se toekoms én ook oor God se hede. Sy boek beleef tientalle herdrukke by Bybelkor en bewys dat studente van die Bybel 'n behoefte het om Openbaring beter te verstaan.

Ná hierdie boek het etlike navorsingspublikasies gevolg, waarvan slegs die hoofmomente vermeld word. Du Rand se aanvanklik fokus was op die opbou en indeling van Openbaring (1987c; 1990i; 1991a), die belangrikheid van die sosio-historiese situasie van die eerste historiese lesers (1989b), 'n sosio-psigologiese lees van die Griekse teks van Openbaring (1990c), die gemeentes van Klein-Asië in 'n bestaanskrisis (1990j; 1992g), die twaalfhonderd-en-sestig dae verdrukking vir die kerk van Christus (1991c), die narratiewe funksie van die liedere en poësie volgens die Griekse drama (1991d), God se bepalende rol in die geskiedenis van die mensdom (1991g), 'n toepaslike siening van opvallende parallele tussen die situasies in Klein-Asië teen 95 n.C. en die huidige Suid-Afrika (1992a), God en die Seun se koningskap en die stryd om die verkryging van die erkenning daarvan by die mense op aarde (1992d), asook om Openbaring as 'n dramatiese narratief in drie bedrywe te verstaan (1992f.).

In 1993 het 'n artikel verskyn wat 'n unieke bydrae gemaak het, naamlik *A 'basso ostinato' in the structuring of the Apocalypse of John* (1993a). Die aanleiding tot die artikel is te vind in Du Rand se probleem met die siening dat daar in die teks geen eenheidsbinding is wat daarop dui dat Openbaring 'n eenheid is nie. Hy het bly glo dat dit nog net gevind en benoem moet word. Na aanleiding van sy liefde vir musiek sien Du Rand toe 'n moontlike parallel tussen Openbaring en die opera *Dido en Aeneas* deur Purcell. Dwarsdeur die opera hoor 'n mens die kenmerkende klaagsang van Dido wat na haar dood op pad is. Dit is treffend dat die klaagmelodie deur die linkerhand gespeel en 'n 'basso ostinato' genoem word. Dit vorm die drakrag van die hele opera *Dido en Aeneas*. Op dieselfde wyse het Du Rand na die narratief van Openbaring gegaan en 57 direkte en indirekte toespelings op die Lam van God se oorwinningsoffer gevind. Deur hierdie bydrae, wat wye akademiese belangstelling geniet het, vestig Du Rand 'n semantiese ritme, gemaak deur die Christosentriese kruisgebeure, om die gang van Openbaring se teologie beter te verstaan. Tegelykertyd plaas dit ook die poëtiese dele van Openbaring in perspektief. Du Rand trek die parallel met die opvoerings van Griekse dramas waar die spreekkoor en sangkoor gewoonlik die funksie van die semantiese uitleg vervul (1993b; 1993e).

In 1993 het 'n boek, *Kyk die Koning kom*, verskyn waarin Du Rand die nuutgevonde strukturering op Openbaring toepas (1993g). Nog publikasies en internasionale referate het hierop gevolg. Du Rand is uitgesproke dat Openbaring 'n dramatiese God-boek is waarin Christus as die Lam die hoofrol speel. Daarom moet die transendensie van God deeglik beklemtoon word (1994c; 1995c).

Navorsingsinligting behoort, volgens Du Rand, nie in ivoortorings stof te versamel nie, maar moet ook wyer bekend gemaak word. Hierdie siening loop op die boek, *666 en die eeuwenteling* (1995a) uit. Oor Sion as die belangrike soteriologiese motief in Openbaring het 'n artikel (1996b) gevolg, asook oor die betekenis van 'in die G(g)ees' in Openbaring 1 (1996c).

In 1995 het Du Rand 'n uitnodiging ontvang om as buitelandse teoloog die Lund-voordragte aan die Northpark Universiteit in Chicago oor die Heilige Gees in die Johannese geskrifte te lewer. Dit is aanvanklik in die *Proceedings of Lund-lectures on the Spirit* (1996d) gepubliseer en later in die internasionale tydskrif *Ex Auditu* (1997c).

Du Rand se referaat by die SNTS en die publikasie daarvan (1997b) oor die leitmotief (teologiese eenheidsbindende draad) in Openbaring, verteenwoordig 'n navorsingsdeurbraak. Hy tipeer die leitmotief dat God se alleenheerskappy ook op aarde erken moet word net soos dit reeds in die hemel erken is. Dieselfde grondgedagte kom in die Ons Vader-gebed voor, naamlik 'laat u koninkryk kom, laat u wil geskied op aarde net soos in die hemel'. Dit handel oor die erkenning van God se alleenheerskappy op aarde. Saam met 'n doktorsale student het Du Rand 'n artikel oor die wêreldbeskouing van die eerste historiese lesers volgens Openbaring gepubliseer, toegepas op die huidige veranderende en onseker wêreldsituasie (1997d).

Oor die moontlikheid om Openbaring as 'n drama te beskou, is al heelwat gedebatteer en geskryf. Du Rand (1997e) noem Openbaring wat genre betref, 'n dramatiese narratief in drie bedrywe:

- Bedryf 1: God oorwin deur die Lam in die kerk (Op 1–3).
- Bedryf 2: God voltrek deur Christus verlossing en oordeel in die kosmos (Op 4–11).
- Bedryf 3: God lei deur Christus sy eiendom tot hulle bestemming in die geskiedenis (Op 12–22).

Volgens hierdie drie bedrywe kom God se beskikking en begeleiding deur die Gees dramaties na vore (1998a), asook die oorwinnende en lydende kerk in volharding (1998c). God op die troon is die hoofmotief en drakrag van gesag en voorsiening van die mensdom deur die Gees (1999e). Hy toon aan dat daar fyn op die verskil tussen die enkelvoud *Gees* en die meervoud *Geeste* gelet moet word (1996c). Openbaring moet as 'n geheel verstaan word en is nie net die somtotaal van sy dele nie (2000b; 2000d, vgl. 1999d en 2000b). Om sy navorsing wyer bekend te maak, het Du Rand *Van klipkrip tot Armageddon* (1999f.) geskryf.

In die meer onlangse verlede het die klem in Du Rand se navorsingspublikasies al hoe meer op die eskatologie geval. Die vraag is hoe dit gebalanseerd Bybels verstaan moet word (2000g; 2000h). Hy skryf jubelend oor die *nuwe lied* (Op 14:3) wat aan die einde op Sionsberg gesing sal word (2002c), oor die eindtydse etos en etiek van gelowiges (2003b; 2003c; 2003e). Uiteindelik breek die Nuwe Jerusalem dan aan (2004c, vgl. 1988a). Gedurende die gelade eindtyd neem God self die verantwoordelikheid vir sy mense (2004g). Dit word nog eens duidelik in die apokaliptiese soteriologie van Openbaring onderstreep (2005d), asook in die herhalende spiraalgang van die skeppingsmotief (2005e). Die gesonde klem op die eindtyd kom in Du Rand se groeiende bydraes oor die eskatologie aan die beurt (2007a). Hy heg groot waarde aan die *hoop* as die verbondsverhouding waarin die

sekerheid vir gelowiges gedurende die eindtyd setel (2007f.). Deur sprekende simboliese taal word God se 144 000 in Openbaring geteken (2008a), veral in die sinspeling op die eksodus- en Rooi See-motiewe. Dit gee aan Openbaring eksegeties 'n eiesoortige verhouding met die Ou Testament asook teologiese diepgang (2009e). Selfs die oënskynlike *negatiewe* wraakroep van die afgestorwe martelare aan die voet van die altaar moet binne verband verstaan word. Dit is 'n roep om God se regverdigheid en dien wesenskap 'n *positiewe* teologiese doel (2009f.; 2011b).

Pauliniese en ander navorsingsresultate

Soos reeds vermeld, lê die Pauliniese geskrifte, net soos die Johannese, Du Rand na aan die hart. Ná sy grondige ontginning van Paulus se gebruik van die Griekse taal (vgl. 1969; 1970; 1971; 1973) verdiep hy hom ook in die Pauliniese geskrifte, God se *spiritualiteitsbiblioteek* op aarde, soos hy dit noem. Onderwerpe wat aan die beurt kom, sluit onder andere die volgende in: die gebed in Efesiërs 3 (1987a); 'n analise van Romeine 6 en die teologiese betekenis daarvan (1987b); die netelige vraag na die verhouding tussen charisma en amp (1988d); Paulus se vernuftige vervlegting van antropologie en eskatologie volgens 2 Korintiërs 4:7–5:10 (1999b); parallelle penstrepe tussen Paulus en die sinikus Diogenes, soos dit aan 1 Korintiërs 7:29–31 (1999c) verwant is; die intense verhouding tussen 'kerk van Christus'-wees en absolute lojaliteit en liefde (2002a). Die Pauliniese etos, gevorm deur die kruisgebeure by Golgota en die leë graf (2004h) hou direk met die Pauliniese teologie (2005b) verband. Du Rand skryf ook oor die Griekse begrip *dikaioσύνη* [geregtigheid, vryspraak] na aanleiding van 'n vergelyking tussen Adam en Christus (1983a; 2006g).

Hermeneutiese bydraes

Hermeneutiek en eksegetiese metodologie speel 'n belangrike rol in al die publikasies van Du Rand. Vir hom is die Bybelteks van kardinale belang. Soos aangetoon, het hy aanvanklik by die taal begin. Dit word gevolg deur die teks-wetenskaplike metode soos dit na vore tree in die struktuuranalise van 'n teks (1982d). Ook die sosio-historiese en die sosio-wetenskaplike metodes is beproef (1983b) om die konteks en die ko-tekste in perspektief te plaas. Du Rand het hom ook in die narratologie verdiep (1983c). Die narratiewe karakterisering van Jesus volgens die Johannesevangelie is waarskynlik een van sy uitstaande bydraes (vgl. 1985b). Die waardevolle kommentaar op hierdie referaat in 1983 by die SNTS-Subgroep: Johannese Studies deur Raymond Brown, Robert Kysar, John Painter, Johannes Beutler, Moody Smith en Allan Culpepper is bygewerk om aan die artikel 'n naslaanwaarde te gee. Ander narratologiese onderwerpe wat Du Rand aanroer, is 'Plot' en vertelperspektief in die Johannesevangelie (1986b) en die identiteit van die Christen soos daarna in die narratief van Johannes verwys word (1989a). Du Rand pas die narratologiese metode in sy *Johannese perspektiewe* (1990a) toe en lê verbande tussen taalgebruik (*le parole*) en die Johannese narratief (1990c, vgl. 1990f.). In Openbaring pas die lieder (1993b) in as semantiese

uitleg van die narratief (1991d). Du Rand se toepassing van Tolmie se narratiewe analise op die afskeidswoorde van Jesus in Johannes 13–17 lewer 'n merker in die benutting van die narratief as eksegetiese metode (1992b). Sy narratiewe analise van Johannes 9–10 voor die SNTS is in 'n monografie onder redaksie van Beutler en Fortna (1991f.) opgeneem.

Die verrassende van die eksegetiese pad van 'n Nuwe-Testamentikus is dat hy homself akademies kan verras! Dit is presies wat Du Rand in sy narratiewe publikasie oor Johannes 13–17 (1992b) ervaar het.

In albei Du Rand se professorale intreerendes (1991c en 1982h aan UOVS en 1990m aan RAU) gebruik hy 'n multimetodologiese uitlegbenadering. Daarom kombineer hy die narratologiese en sosio-wetenskaplike metodes om die teks nog helderder tot spreke te bring (1992b). In 'n ander artikel vergelyk hy verskillende eksegetiese metodes en kommentare met mekaar (1994a).

Du Rand gebruik ook sy musiekkennis om Openbaring beter te eksegetiseer (vgl. 1993a; 1996a; en 1998b).

Saam met Rotz van Idaho in die VSA het Du Rand die prominente aspek van die karakterisering van God in die narratief van Openbaring ontgin. Dit het die teologiese persepsie van God volgens Openbaring se vertelling verhelder (1999e). Du Rand meen egter dat eksegetiese metodes nie groter as die boodskap van die teks self is nie. Dit word in sy bydrae saam met Van der Watt, Joubert en Naude verduidelik, naamlik in *Hoe lees ons die Bybel?* (2002h).

Saam met departementskollegas het twee boekreekse vir studente in Bybelkunde gevolg, naamlik *Coming to grips with the world and text of the Bible*, met Du Rand as redakteur (2003f; 2003g). Op hierdie pelgrimstog van verstaan as 'n proses, volg nog twee volumes, naamlik *More than one way of understanding the Bible* (2004j; 2005a).

Die godsdiens-historiese uitlegmetode is wat gebruik betref, deur heelwat ander metodes verbygegaan, maar dit het tog 'n eie nis behou, afhangende van die vraag wat die eksegeet aan die teks vra. Deur hierdie wyse het Du Rand juwele in sommige apokriewe boeke raakgeloop, onder andere by 4 Esra (2008b) en die verkwikkende verhaal van Josef en Asenet (2009g; 2013a) om die bybelse waarhede toe te lig. Met behulp van die sosiologiese teorie van Mary Douglas oor die *grid* en *group* van 'n groep, maak Du Rand kosbare afleidings in verband met die Johannese 'gemeente' en hulle sosiale ontstaansituasie (2008c).

Besondere boekpublikasies

Wanneer aan Du Rand gevra word watter van die 27 boeke wat hy geskryf het, uitstaan, huiwer hy nie om veral twee te noem nie. Dit is nie omdat albei die Andrew Murray-prys vir Christelike en teologiese literatuur ontvang het nie (onderskeidelik in 2008 en 2014), maar omdat dit dekades se

navorsing verstaansmatig aanbied. In *Die A-Z van Openbaring* (2007b) bied hy die eksegeese en teologie van Openbaring aan, terwyl die eskatologie as omvattender teologiese dissipline in *Die Einde* (2013b) aan die orde kom.

Die A-Z van Openbaring (2007b): Hierdie publikasie bevat Skrifuitleg, historiese en sosiale inligting en teologiese en etiese kommentaar. Dit is meer as net 'n tipiese Bybelkommentaar. Die boodskap van Openbaring word onder andere met 'n ellips met sy twee vaste punte vergelyk. Die omtrek (= boodskap van Openbaring) word deur twee vaste punte gevorm wat in 'n bepaalde verhouding tot mekaar staan (= Jesus se eerste koms en Jesus se tweede koms). Indien van enige van die twee vaste punte 'n reguit lyn na die omtrek van die ellips getrek word, sal die terugkaatsing altyd deur die ander vaste punt gaan. Toegepas kan gestel word dat Openbaring se boodskap slegs verstaan kan word indien albei Jesus se komste verreken word. Openbaring is volgens Du Rand dus nie net op die toekomstige gerig nie, maar ook op die hede.

Die Einde (2013b): Hierdie boek fokus op die eindtyd in eskatologiese sin. Die treffende is dat nie net die tipiese wederkoms van Christus, die opwekking van die dooies, die oordeelsbekendmaking en die ewige volmaakte tuisdom by God en die Lam bespreek word nie, maar daar word juis ook aandag aan die tussentyd gegee – die tyd tussen die twee komste van Jesus Christus. Besondere klem word gelê op die eindtydse tekens, hoop, die dood en die lewe daarna, 'n eindtydse spiritualiteit, die besondere van 'n eindtydse etos, asook aandag aan die teodisee-vraag.

Akademiese gemeenskapsbetrokkenheid

Vir Du Rand is dit belangrik dat alle akademiese teologie in die Suid-Afrikaanse konteks 'kant en wal' moet raak. Hy voeg die daad by die woord deur sy kennis in die samelewing terug te ploeg – soos hy dit stel: op die markplein waar die gewone mense saamkom.

In 1980 het hy die Christen se politieke en etiese rol volgens Jesus se prediking en die toepassing daarvan onderstreep (1980c). Hy het bydraes tot ongeveer 38 bundels of boeke wat op die breër gemeenskap gerig is, gelewer. Hy het sy persoonlike standpunte oor etiese en politieke aangeleenthede deurgaans Bybels probeer verantwoord. Hy baseer dit op die beginsel van geregtigheid en regverdigheid. Dit beteken dat alle mense voor God gelyk is, al is hulle nie eners nie. Du Rand het vroeg in sy loopbaan 2 Korintiërs 5 as uitgangspunt geneem, naamlik Christene moet die medemens as skepels van God raaksien en mekaar op die nuwe baadjie in Christus bejeën sonder om andersheid te ontken of te veroordeel.

Akademiese bydraes tot vakverenigings en voordrage

Du Rand is vanaf 1972 lid van die Nuwe-Testamentiese Werkgemeenskap van Suid-Afrika (NTWSA), en vanaf 1978 van die internasionale *Studiorum Novi Testamenti Societas* (SNTS). Hy is ook vanaf 1978 lid van die internasionale Society

of Biblical Studies. Hy is besonder geheg aan sy Tyndale Fellowship (Cambridge, VK) vanaf 1984, en bestee graag navorsingstyd in Cambridge met sy sewe teologiese biblioteke. Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns lê hom ook na aan die hart. Van hierdie organisasie het hy in 1998 die Ds. Pieter van Drimmelenmedalje vir Teologie ontvang.

Du Rand lewer referate by die internasionale *Institute for Biblical Research* (Chicago, VSA), die *Colloquium Lovaniensis* (Leuven), *Society of Biblical Literature* (SBL), *SNTS*, *Tyndale Foundation*, asook nasionaal by die NTWSA, en die Akademie vir Teologie. By die SNTS het hy altesaam 18 referate gelewer, en by die SBL sewe.

Du Rand was redakteur van *Neotestamentica*, die wetenskaplike tydskrif van die NTWSA (1979–1983), en van *Fax Theologica*, tydskrif van die Fakulteit Teologie van die UOVS (1981–1988). Verder het hy op etlike redaksies nasionaal en internasionaal gedien.

Bybelvertaling

Du Rand word baie opgewonde wanneer hy oor Bybelvertaling uitgevra word. Hy het aan ses Afrikaanse vertaalprojekte by die Bybelgenootskap van Suid-Afrika (BSA) en die Christelike Uitgewersmaatskappy (CUM) deelgeneem:

- 1983: Afrikaanse vertaling (BSA): In 1971–1982 was hy lid van die subgroepe Efesiërs (J.H. Roberts) en Johannes, Lukas en Openbaring (F.J. Botha).
- 1998: Die 1983 Vertalingsverwysingsbybel (BSA): Du Rand was vir Openbaring verantwoordelik.
- 2004: *Multivertaling Bybel* (CUM): Du Rand doen die vertaling van 2 Korintiërs, 1 en 2 Timoteus, Hebreërs, Jakobus, 1–3 Johannes en Openbaring.
- 2006: Die *Nuwe Lewende Vertaling* (CUM): Du Rand is verantwoordelik vir Lukas, Johannes, 2 Korintiërs, 1–2 Timoteus, Titus, 1–3 Johannes, Judas en Openbaring.
- 2013: *Die Interliniêre Bybel, Nuwe Testament* (CUM): In hierdie publikasie word die Griekse teks getranskribeer en woord vir woord letterlik vertaal. Du Rand is verantwoordelik vir Markus, Handeling 20–28, en Openbaring (2013c).
- 2014: Die Afrikaanse Standaardvertaling (CUM): Du Rand is vir Markus, Handeling 20–28, en Openbaring verantwoordelik (2013c).
- 2014: Direkte Bybelvertaling in Afrikaans (BSA): Du Rand is verantwoordelik vir Markus, Handeling 20–28, en Openbaring (2014a).

Hierbenewens is Du Rand reeds 28 jaar die skriba van die NG Kerk se Algemene Sinode se Kommissie vir Bybelvertaling, -verklaring en -verspreiding.

Verbandhoudende informele en kerklike bydraes en toekennings

Du Rand het oor die jare heen Bybelkundige bydraes by die SAUK en RSG (waar hy vir 14 jaar betrokke was by die

programme *Wat sê die Bybel?* en *Die Bybel in ons lewe*) gelewer. Hy lewer ook bydraes by Radiokansel, by Bybelskole (26 skole in verskillende gemeentes). In die Ring van Krokodilrivier en die Noord-Transvaal Sinode van die NG Kerk dien hy op die Jeugkommissie en Finansiële Kommissie. Tans is hy medeleraar van die NG-Gemeente Quellerina en lid van die Wes-Transvaal Sinode van die NG Kerk. Hy was en is steeds lid van die Kerklike Advieskommissie (Afrikaanse Bybel), Liedboekkommissie en verskeie sinodale kerklike kommissies.

Wat toekennings betref, het hy die Nasionale beurs vir doktorsale studie ontvang; merietebeurse by UP, RGN/NNS, UOVS, RAU en UJ. Hy het ook talle toekennings vir publikasies by CUM ontvang. Hy het vier keer die Andrew Murray-prys ontvang, naamlik in 2008 en 2014 vir publikasies waarvan hy die alleenouteur is, en in 1999 en 2004 vir publikasies waarvan hy mede-outeur is. In 2005 word hy as die Teoloog van die Jaar aangewys deur die Baptist Theological College of South Africa en in 2008 het hy die Eeufeesmedalje vir Teologie van die UOVS ontvang.

Samevatting

Ten slotte is enkele geheelindrukke gepas. Du Rand se belangrikste akademiese bydrae was (en is steeds!) op die gebied van die Johannesevangelie en -briewe, Openbaring, die eskatologie, fasette van die Pauliniese studie, die hermeneutiek en Bybelvertaling.

Uit sy publikasies blyk deurentyd dat hy hoë agting vir die gesag van die Bybel het en hom aan die Bybelteks hou; hy aanvaar die dissipline van die teks onvoorwaardelik. Verder ag hy kerklike binding en diensbaarheid besonder hoog. Dit blyk onder andere uit die feit dat hy telkens wéér in sy wetenskaplike publikasies die lyn na die kerklike bediening en die huidige tyd deurtrek. Dit word ook duidelik uit sy grootskaalse betrokkenheid by die praktiese bediening, sowel deur pastorale betrokkenheid as deur prediking en die aanbied van Bybelskole. Hierdie praktykgerigte en diensbaarheidsinstelling blyk egter die heel duidelikste uit die talle populêr-wetenskaplike publikasies – dikwels oor onderwerpe wat normaalweg nie maklik verteerbaar is nie, maar wat hy wél op bevatlike wyse aanbied.

